

OPNAME VAN AKADEMIESE EN PROFESSIONELE AANGELEENTHEDE AAN DIE P.U.
VIR C.H.O.

1965

Verslag oor die departement

Die volgende lede het deelgeneem aan die opstel van die verslag :

- 1.
- 2.
- 3.
- 4.
- 5.
- 6.

A. Akademiese aangeleentheid

I. Die doel van die departement.

1. Die huidige algemene (afgeleë, verwyderde) doel van u departement.

Dui hier asseblief kortliks aan welke algemene, moeilik bereikbare doeleindes u departement nastrewe, bv. leiding van studente tot vorming van n eie lewens- en wêreldbeskouing (spesifiseer) of tot vorming van n eie beskouing van die wetenskap (spesifiseer); etiese vorming deur studente te lei tot kennis en nalewing van die ware en goeie; sosiale vorming; estetiese vorming deur die studente te lei tot kennis en waardering vir die skone; religieuse vorming deur die studente te lei tot die kennis, vrese, liefde en diens van God; nasionale vorming deur opwek van liefde en waardering vir en trou aan volk en vaderland; kweek van gesonde rasseverhoudings; ontwikkeling van logiese denkwyses en die vermoë om probleme op te los; ontwikkeling van wetenskaplike metodes van ondersoek; ontwikkeling van wetenskaplike houdings, ens.

2. Die huidige spesifieke (besondere, nabygeleë, onmiddellike) doel van u departement.

Dui hier asseblief aan wat u onmiddellik wil bereik, bv. oordra van sekere kennis of vaardighede, voorbereiding vir n beroep ens.

II. Studiekursusse.

1. Verstrek asb. in TABEL I die vereiste gegewens t.o.v. studiekursusse wat deur u Departement aangebied word.
2. Hoedanig dien u studiekursusse die algemene universiteitsdoel soos gestel deur die verskillende Rektore (vgl. aangehegte, beknopte formulering)? Motiveer asseblief.
3. Hoedanig dien u studiekursusse die algemene (verwyderde) doeleindes van u Departement? Motiveer asb.
4. Hoedanig dien u studiekursusse die spesifieke (onmiddellike) doeleindes van u Departement? Motiveer asseblief.
5. Het die inhoud en/of omvang van u studiekursusse in die afgelope vyf jaar verander? Dui asseblief die wysiginge aan en motiveer.
6. Welke nuwe studierigtings/vakke/kursusse is gedurende die afgelope vyf jaar in u Departement ingestel? Vermeld asseblief - waar moontlik, telkens die jaar van instelling.
7. Nuwe studierigtings/vakke/kursusse wat ingevoer behoort te word. Vermeld hier asseblief volledig en in volgorde van prioriteit alle nuwe studierigtings/vakke/kursusse wat beoog word. Dui in elke geval aan :

vak/studierigting/kursus wat beoog word, motivering, jaar van moontlike instelling, moontlike aanvangstudentegetal, lokale benodig vir instelling (meld beraamde oppv. in vk. vt. van iedere lokaal), bykomstige personeel benodig deur instelling met beraming van koste, apparaat e.a. toerusting benodig vir instelling met beraming van koste, biblioteekbenodigdhede vir die instelling met beraming van koste, spesiale terrein benodig (bv. grond vir eksperimente e.a. doeleindes) in vk. jaart/akker/morg.

8. Indien die uitbreiding hierbo gevisualiseer geskied, dui asseblief aan welke verwagte invloed dit op bestaande studierigtings/kursusse/vakke mag uitoefen t.o.v. studentegetalle, lokale, personeel, apparaat, terrein en koste.
9. Vakke/kursusse/studierigtings wat afgeskaf moet word. Vermeld hier asb. enige vak/kursus/studierigting in u Departement wat gestaak of ingrypend verander moet word en motiveer asseblief.

III. Navorsing en navorsingsterreine.

1. (a) Verstrek asseblief in TABEL II die vereiste gegewens i.v.m. voltooide eie navorsing deur dosente in u Departement gedurende die afgelope vyf jaar.
(b) Navorsing deur studente onder leiding van dosente.
(L.W. n Opgawe hiervan sal direk van die Administrasie verkry word.)
2. Verstrek asseblief in TABEL III n opgawe van navorsing waarmee dosente self besig is, maar wat nog nie voltooi is nie.
3. Verstrek asseblief in TABEL IV n opgawe van geld (beurse uitgeslote) spesifiek vir navorsing van die universiteit verkry.
4. Verstrek asseblief in TABEL V n opgawe van die departementele toelae van die universiteit ontvang en die bedrag daaruit aan navorsing bestee. (Hier sal u moet insluit koste van spesiale apparaat, lone, reiskoste, ens.)
5. Geld (beurse e.a. toekennings) vir navorsing gedurende die afgelope 5 jaar van persone/liggame/departemente buite die universiteit verkry. (Besonderhede hiervan sal van die Administrasie verkry word en sal as TABEL VI in die verslag geïnkorporeer word).
6. Dui asseblief aan welke stappe u Departement doen om geld vir navorsing van buite die universiteit te bekom.
7. Dui asseblief aan in hoeverre navorsing in u Departement belemmer word deur faktore soos :
(a) Gebrek aan geld.
(b) Gebrek aan apparaat.
(c) Gebrek aan geskikte lokale.
(d) Gebrek aan vervoermiddele.
(e) n Oorvol doseerprogram.
(f) Administratiewe pligte.
(g) Departementele en/of universiteitsregulasies.
(h) Tekort aan navorsingsassistenten.
(i) Gebrek aan fondse vir aankoop van boeke en tydskrifte, d.w.s. biblioteektoelae.
(j) Tekort aan gekwalifiseerde tegnisi.
(k) Gesentraliseerde biblioteek.
(l) Enige ander faktore nie hierbo genoem.
8. Wat kan u aan die hand doen om navorsing deur die huidige doserende personeel in u Departement te bevorder? Verstrek asseblief n beraming van die benodigdhede en koste verbonde aan u voorstelle onder die volgende hoofde:
(a) Vir doeltreffende volvoering van huidige navorsingsprojekte.
(b) Vir aanpak van nuwe navorsingsprojekte (bespreek elkeen asseblief afsonderlik).

9. Wat kan u aan die hand doen om navorsing deur die voltydse nagraadse studente in u Departement te bevorder? Verstrek asseblief 'n beraming van die benodighede en koste verbonde aan u voorstelle onder die volgende hoofde :
- (a) Vir doeltreffende volvoering van huidige navorsingsprojekte.
 (b) Vir aanpak van nuwe navorsingsprojekte (bespreek elkeen afsonderlik).
10. (a) Onderneem u Departement kontraktuele of gesubsidieerde navorsing vir belanghebbendes buite die universiteit? Verstrek asseblief besonderhede.
- (b) Is die geld deur die belanghebbende in (a) genoem, voldoende om die koste van die navorsing te dek? Indien nie, verstrek asseblief besonderhede van hoe tekorte aangevul word.
11. Word geld, deur die universiteit verskaf, soms gebruik om navorsing vir ander belanghebbendes te subsidieer? Indien wel, verstrek asseblief besonderhede.
12. Word geld, deur belanghebbendes van buite die universiteit vir navorsing voorsien, soms aangewend vir die universiteit se eie doeleindes? Indien wel, verstrek asseblief besonderhede.
13. Spreek u asseblief uit oor die wenslikheid daarvan dat die universiteit publikasies subsidieer en/of 'n eie tydskrif uitgee waarin navorsingsresultate opgeneem kan word - bv. so iets soos Universiteitsannale of afsonderlike vaktydskrifte ens.
14. Welke stappe word in u Departement gedoen om te verseker dat navorsing deur personeellede nie die doseerwerk nadelig beïnvloed nie?
15. Word vakansietye deur u Departement vir navorsing gebruik? Dui asseblief kortlik die hoeveelheid „vakansiewerk” aan.
16. Welke stappe word in u Departement gedoen om dosente wat met die navorsing besig is, tegemoet te kom?
17. Wat behoort die verhouding (in tyd bestee) te wees tussen doseerwerk en navorsing van :
- (a) 'n Professor.
 (b) 'n Senior lektor.
 (c) 'n Lektor.
18. Dui asseblief die beoogde toekomstige navorsingsterreine aan.
19. Word u navorsing in 'n Navorsingsinstituut gekoördineer?
20. Is u ten gunste van die stigting van Navorsingsinstitute en aan watter vereistes moet sodanige Institute voldoen? Motiveer asseblief.
21. Is u ten gunste van die stigting van Navorsingseenhede d.w.s. bepaalde gespesialiseerde navorsingsrigtings wat onder leiding van 'n dosent staan bv. Bilharzianavorsingseenheid, Navorsingseenheid vir Kosmiese Strale ens. Motiveer asseblief.
22. Is u ten gunste van onafhanklike Institute (d.w.s. buite die verband van 'n bepaalde Departement?) Motiveer asseblief.

IV. Doseer- en navorsingsmetodes.

1. Beskryf asseblief kortliks welke metode(s) u in die doseer van u vak(ke) volg. Onderskei asseblief tussen eerstejaars, tweede- en derdejaars en nagraadse studente. (Vermeld hier o.a. of u formele lesings gee, aantekeninge dikteer, afgerolde aantekeninge verskaf, referate laat uitwerk

(meld aantal per jaar ongeveer en of studente referate individueel of in groepe uitwerk), seminare reël, oudiovisuele middels gebruik skemas vir selfstudie van studente verstrek, aan die begin van die kursus die studieveld aandui en bronne verstrek, veldwerk doen, studiereise onderneem, toesien dat studente wetenskaplike vergaderings bywoon ens.)

2. Indien u gedurende die afgelope 3 jaar op enige wyse met doseermetodes geëksperimenteer het, verstrek asseblief besonderhede.
3. Kan u metode(s) verder verbeter word deur die personeel (assistente, studentehulp, dosente) uit te brei? Motiveer asseblief.
4. Wat word in u departement gedoen om nuwelinge - veral eerstejaars - in u vakgebied se atmosfeer en benadering in te lei?
5. Vind u dit nodig om studente sekere dinge af te leer of te laat herleer (remediële werk te doen) om met hulle te kan vorder? Bespreek asseblief.
6. Welke stappe word in u Departement gedoen om onervare personeel in hulle doseerwerk te help? Bespreek asseblief.
7. Hoe beoordeel u die doseervermoë van Departementslede? Antwoord word hier slegs van Departementshoof verwag.
8. Welke pogings word daar in u Departement aangewend om dosente op hoogte te hou met die nuutste metodes van dosering? Bespreek asseblief.
9. Wat beskou u as die ideale grootte vir 'n klas (lesinggroep) in u vak(ke)? Dui asseblief die grense aan vir :
 - (a) eerstejaars
 - (b) tweede- en derdejaars.
10. Die grootste enkele groep studente wat u vanjaar gelyktydig vir 'n lesing het. Voltooi asseblief TABEL VII in hierdie verband.
11. Wat beskou u as die ideale studentegeetal per praktikum?
 - (a) By eerstejaars?
 - (b) By tweede- en derdejaars?
12. Die grootste enkele groep studente wat u vanjaar gelyktydig vir 'n praktikum het. Voltooi asseblief TABEL VIII in hierdie verband.
13. Indien enige van die groepe in 10 en 12 hierbo genoem, groter is as die ideale grootte deur u genoem, verstrek asseblief die redes vir die groter groep.
14. Verduidelik asseblief hoe u te werk gaan om vas te stel hoeveel selfstandige werk u redelikerwyse van u studente kan verwag.
15. Welke pogings word daar in u Departement aangewend om dosente op hoogte te hou van die jongste en beste navorsingsmetodes? Bespreek asseblief kortliks.
16. Spreek u asseblief uit oor die instelling van semester- i.p.v. jaarkursusse in u vak(ke).
17. Spreek u asseblief uit oor 'n moontlike verlenging van die akademiese jaar. Motiveer u antwoord.

18. Spreek u asseblief uit oor die wenslikheid daarvan om sekere dosente af te sonder om slegs aan eerstejaars lesings te gee. Dui o.a. aan of u reken dat :

- (i) Dosente wat slegs eerstejaars hanteer, die eerstejaarwerk doeltreffend kan laat voorberei vir wat in latere jare volg.
- (ii) Dosente wat nooit eerstejaars het nie, die werk in die tweede en derde jare doeltreffend kan laat aansluit by die eerstejaarskursus.

V. Eksaminering.

1. Dui asseblief aan hoe studente in u verskillende kursusse gedurende klas-toetse getoets word (bv. opsteltipe vrae, kort antwoord-vrae, mondelinge toetse ens., asook die duur van klastoetse).
2. Dui asseblief kortliks aan hoe die antwoorde van studente beoordeel word (bv. globale oordeelspunt, nagesien volgens puntememorandum ens.)
3. Verwerk u soms die toetspunte van u studente statisties? Indien wel, dui asseblief aan wat u doen (bv. deur gemiddeldes, korrelasies ens. te bereken, grafieke te trek ens.)
4. Bring u soms verstellings van toetspunte aan? Indien wel, dui asb. aan hoe u te werk gaan.
5. Ontvang studente die nagesiene toetse terug :
 - (a) Altyd?
 - (b) Soms?
 - (c) Nooit?
6. Bespreek u die puntetoekenning met u klasse nadat die nagesiene antwoorde teruggegee is :
 - (a) Altyd?
 - (b) Soms?
 - (c) Nooit?
7. Word klastoetse op enige wyse deur 'n tweede eksaminator gemodereer?
8. Gee u verrassingstoetse waarvoor studente nie spesiaal voorberei het nie?
 - (a) Altyd?
 - (b) Soms?
 - (c) Nooit?
9. Indien u vooraf van toetse kennis gee, ongeveer hoe lank kry die betrokke studente vir voorbereiding?
10. Word alle toetspunte in aanmerking geneem by die berekening van jaarsyfers? Indien u soms punte buite rekening laat, dui asseblief aan om welke redes.
11. Neem u selfstandige werk van studente (bv. referate, werkstukke, laboratoriumwerk, praktiese werk ens.) in aanmerking by die vasstelling van 'n jaarsyfer?
 - (a) Altyd?
 - (b) Soms?
 - (c) Nooit?
12. Indien selfstandige werk en/of praktiese werk wel in aanmerking geneem word, wat is by benadering die verhouding van toetspunte en werkpunte by die finale bepaling van die jaarsyfer? (Bv. Toets 1 : werkpnt. 1, T3: W1, T5: W1 ens.)

13. Maak u soms van assistente gebruik om te help met die nasien van toetse en/of praktiese werkstukke? (Beskryf asseblief).
14. Beskryf asseblief kortliks hoe studente in die jaarlikse eksamen getoets word (bv. opsteltipe-vrae, kort antwoord-vrae, gemeng ens.)
15. Beskryf kortliks hoe u die antwoorde van studente in die jaarlikse eksamen beoordeel (bv. globale oordeelpunt, volgens puntememorandum ens.)
16. Verwerk u die eksamenpunte van studente soms statisties? Indien wel dui asseblief aan hoe u dit doen.
17. Pas u enige vorm van gestandaardiseerde toets toe? (Verstrek asseblief besonderhede).
18. Vind u voldoende tyd om die volgende deeglik na te sien?
 - (a) Klastoetse?
 - (b) Jaarlikse eksamenvraestelle?
 - (c) Halfjaarlikse toetse?
19. Gee u n praktikumeksamen :
 - (a) Vir berekening van n jaarpunt?
 - (b) Vir behaal van n eksamenpunt?
20. Verduidelik asseblief kortliks hoe praktika van studente geëvalueer word:
 - (a) In n eksamen
 - (b) In die loop van die praktikumkursus.
21. Vind u tyd om die pligte wat u as moderator/tweede eksaminator opgelê word, deeglik na te kom?
22. Welke leemtes bestaan daar, volgens u oordeel, in die huidige stelsel van toetsing en eksaminering?
23. Wat kan u aan die hand doen om die toetsing en eksaminering van studente aan ons universiteit te verbeter?

VI Personeelvoorsiening en aantal studente.

(L.W. Aantal studente per vak per kursus in u Departement oor die afgelope 15 jaar word deur die Administrasie verskaf).

1. Personeel, akademiese verantwoordelikhede, studente en periodelaste. Voltooi asseblief TABEL IX in hierdie verband.
2. Indien daar reeds nuwe poste of promosies vir 1966 goedgekeur is, verstrek asseblief besonderhede (name hoef nie verstrek te word nie).
3. Verstrek asseblief besonderhede van personeeluitbreiding en/of promosie wat u vir 1967 gaan aanvra (name hoef nie vermeld te word nie).
4. Bestaan daar, volgens u oordeel, leemtes in die huidige stelsel van personeeltoekenning en/of promosie? Indien wel, beskryf asseblief.
5. Indien daar leemtes bestaan, wat kan u aan die hand doen om die stelsel te verbeter?
6. Bereken asseblief die verhouding van personeel : studente in u Departement soos volg :
 - (a) Voorgraads :
 - (i) Aantal eerstejaars in Departement ÷ aantal doserende, voltydse personeellede (proff., snr. lektore, lektore en doserende assistente).

(ii) Aantal tweede- en derdejaars in Departement ÷ aantal doserende, voltydse personeellede.

(b) Nagraads :

(i) Aantal Honns.-studente in Departement ÷ aantal doserende, voltydse personeellede.

(ii) Aantal M.-studente in Departement ÷ aantal aangewese studie-leiers.

(iii) Aantal D.-studente in Departement ÷ aantal aangewese promotors.

(c) Globale verhouding.

Totale aantal studente in Departement ÷ totale aantal voltydse doserende personeellede.

7. Maak u van deeltydse assistente/doserte in u Departement gebruik? Indien wel, dui asseblief totale aantal deeltydse personeel aan asook die aantal periodes wat hulle gesamentlik neem.
8. Beskou u die huidige verhouding van personeel : studente in u Departement as redelik? Indien nie, motiveer asseblief en dui aan wat u as 'n billike verhouding beskou.
9. Beskou u die huidige verdeling van M.- en D.-studente onder die bevoegde personeel as billik? Indien nie, motiveer asseblief en maak voorstelle ter verbetering.
10. Voorgestelde aantal periodes per dosent.
Verstrek asseblief in TABEL X u voorstelle in verband met die aantal periodes en aantal M.- en D.-studente wat, volgens u oordeel, deur verskillende dosente in u departement behartig behoort te word.
11. Is daar volgens u oordeel (afgesien van normale bevolkingsaanwas en onvoorsiene politieke faktore) enige besondere faktore wat die toekomstige studentegetalte in u Departement voordelig of nadelig mag beïnvloed (bv. ontwikkeling van sekere landstreek, stigting van nuwe universiteite, nywerheids- of ekonomiese ontwikkelings, toenemende aanvraag om studente met besondere kwalifikasies ens.) Indien wel, verstrek asseblief besonderhede en skat die persentasie van die invloed wat elke faktore ten goede (+) en ten kwade (-) mag uitoeven. (U oordeel is van belang met die oog op prognose van toekomstige studentegetalte).
12. Verduidelik asseblief welke stappe in u Departement gedoen word om belowende studente aan te moedig om nagraadse studie alhier te onderneem.

VII. Huisvesting en toerusting.

1. Beskikbare lesingkamers en -sale.

Verstrek asseblief die vereiste besonderhede in TABEL XI.

2. Beskikbare laboratoria.

Verstrek asseblief die vereiste besonderhede in TABEL XII.

3. Beskikbare kantore.

Verstrek asseblief die vereiste besonderhede in TABEL XIII.

4. Bestaan daar tans in u Departement 'n tekort aan ruimte (spesifiseer asseblief aantal met sitplekke/werksplekke ens.) t.o.v. :

- (a) Laboratoria?
- (b) Lesinglokale?
- (c) Kantore?
- (d) Ander lokale?

5. Sal u geboue n 20% toename van studente kan huisves? Indien nie bespreek asseblief behoeftes.
6. Dui asseblief enige leemtes aan in u huidige huisvesting, insluitende kamers vir spesiale apparaat, kwekershuise, spesiale laboratoria of lokale ens. Verduidelik wat gedoen kan word om in u behoeftes te voorsien en bereken die koste verbonde aan voorsiening van die nodige.
7. Indien daar van u lesingsale/laboratoria onvolledig beset is, beskou u dit as prakties moontlik dat ander departemente daarvan gebruik kan maak? Motiveer asseblief.
8. Spreek u asseblief uit oor die moontlikheid en wenslikheid van oprigting van gebouekomplekse waarin verskillende, verwante departemente gehuisves kan word met die oog op doeltreffender gebruik van ruimte en apparaat.
9. Ondervind u tans ernstige tekorte aan toerusting, Spesifiseer asseblief en dui aan wat die koste sal wees om die toestand te verbeter, of opgeleide assistente of tegnisi nodig sal wees vir instandhouding en/of hantering, die salaris van sodanige personeel asook besetting van die toerusting. Dui asseblief die prioriteit van aankope aan.
10. Ondervind u tans ernstige probleme (finansieel en/of tegnies) i.v.m. die instandhouding van belangrike apparaat? Spesifiseer asseblief en dui moontlike oplossings asook die beraamde koste daarvan aan.
11. Beskik u oor gespesialiseerde apparaat wat selde gebruik word? Dui asseblief die tipe apparaat, koopprys en rede vir die geringe gebruik aan.
12. Beskik u tans oor oortollige en/of verouderde toerusting wat van geen verdere nut is nie? Spesifiseer asseblief.
13. Welke apparaat gebruik u tans saam met ander departemente? Noem asseblief apparaat en departemente.
14. Veroorsaak die gesamentlike gebruik groot ongerief? Motiveer asseblief.
15. Kan daar, volgens u oordeel, in die toekoms (sonder om die gehalte van die werk te benadeel) bespaar word deur interdepartementele apparaat te verskaf? Motiveer asseblief en gee voorbeelde.
16. Oor hoeveel voertuie beskik u Departement? Spesifiseer asseblief.
17. Word u navorsings- en/of doseerwerk deur n tekort aan voertuie benadeel? Spesifiseer asseblief.
18. Stel asseblief enige ernstige probleme wat u ondervind i.v.m. die verkryging van, instandhouding, toegang tot, huisvesting van toerusting en dui moontlike oplossings aan asook beraamde koste verbonde aan die oplossings.

VIII. Biblioteekvoorsiening.

1. Is al u boeke en tydskrifte tans in die Ferdinand Postma-biblioteek gehuisves? Indien nie, vermeld asseblief of sekere boeke en/of tydskrifte by u Departement gehuisves word.
2. Indien sekere boeke en/of tydskrifte by u Departement gehuisves word, dui asb. aan :

- (a) In hoeverre u tans in staat is om die versameling te beheer ooreenkomstig die voorwaardes waaronder dit by u departement geplaas is?
- (b) Of dosente en studente gedurende gewone werksure volle toegang daartoe het.
3. Spreek u asseblief uit oor die wenslikheid al dan nie van gedesentraliseerde biblioteekgeriewe en motiveer asseblief u standpunt.
4. Beskou u die huidige boekevoorraad oor u vakgebied(e) as bevredigend? Indien nie, sal u asseblief (met inagneming van die biblioteekopname enkele jare gelede onderneem en waarvan besonderhede by die Bibliotekaris verkry kan word) besondere gebiede aandui waarop daar tekorte bestaan en beraam wat dit sal kos om die tekorte uit te wis.
5. Beskou u u huidige tydskrifvoorraad as bevredigend? Indien nie, sal u asseblief ook met inagneming van bogemelde opname, gebiede aandui waarop tekorte bestaan en die koste verbonde aan regstelling beraam.
6. Beskou u u huidige biblioteektoelaag as bevredigend? Indien nie, motiveer asseblief en dui die beraamde bedrag aan wat u jaarliks benodig om nuwe werke en tydskrifte te koop. (Laat aankope van ontbrekende werke en/of tydskrifte hier buite rekening).
7. Word die biblioteek na wense gebruik deur u departement se
(a) studente?
(b) dosente?
8. Dui asseblief aan welke stappe gedoen word om die gebruik van die biblioteek deur studente te kontroleer.
9. Is nagraadse studente slegs van die biblioteek en sy personeel afhanklik om literatuur op te spoor of gee u as dosent ook leiding en hulp?
10. Het u n Departementele katalogus vir u vakliteratuur en, indien wel, tot watter mate en op watter wyse word dit in stand gehou?
11. In hoeverre maak studente van u persoonlike boekery gebruik?
12. Dui asseblief aan in hoeverre doseermetodes in u Departement daarop gerig is om dit noodsaaklik te maak vir studente om die biblioteek te besoek.
13. Welke stappe word in u Departement gedoen om te verseker dat dosente en studente ten volle op hoogte bly met die fasiliteite wat die biblioteek bied, bv. t.o.v. organisasie en bekom van studiemateriaal ens. Indien moontlik, gee asseblief wenke in hierdie verband.
14. Dui asseblief enige leemtes aan wat in ons biblioteekdiens bestaan en gee moontlike oplossings aan die hand.

B. Professionele aangeleenthede.

I. Kwalifikasies en ervaring van personeel.

Aangesien sommige dosente sedert die publikasie van die jaarboek benoem is, vervang is of bykomstige kwalifikasies verwerf het, is dit onvermydelik om u te vra om ook oor bg. te rapporteer. Voltooi asseblief TABEL XIV in dié verband.

II. Professionele toerusting.

1. Spreek u asseblief uit oor die wenslikheid van invoering van een of ander vorm van professionele (doseer) opleiding. Motiveer asseblief u antwoord.

2. Indien u voel dat opleiding moet geskied, dui aan welke vorm dit moet aanneem (bv. periodieke lesings, formele kursus met eksamen en serti-fikaat ens.)
3. In hoeverre is u kwalifikasies aangevul deur studie of navorsing aan Inrigtings (binne- of buitelands) waar u nie vir 'n graad of diploma gewerk het nie?

III. Tug.

1. Spreek u asseblief uit oor die tug wat tans deur die universiteitsowerhede op studente uitgeoefen word. Dui asseblief gemotiveerd aan in welke opsig die tug - volgens u oordeel - bevredigend, te streng of nie streng genoeg is nie.
2. Indien daar volgens u oordeel leemtes t.o.v. tug van studente bestaan, sal u asseblief wenke ter verbetering verstrek.
3. Verduidelik asseblief hoe u departement die volgende hanteer :
 - (a) Swak bywoning van klasse.
 - (b) "Massa" deur studente.
 - (c) Laatkom by klasse.
 - (d) Afwesigheid weens siekte.
 - (e) Werk na 'n vasgestelde datum ingedien.
 - (f) Afwesigheid tydens toetse.
 - (g) Afwesigheid van 'n groot persentasie studente met toestemming van die owerhede.
 - (h) Swak gedrag van studente.
 - (i) Onbevredigende prestasies van studente.
4. Vermeld asseblief of dosente beskikbaar is om studente wat studie- of persoonlikheidsprobleme het, te spreek :
 - (a) Op sekere weksdae.
 - (b) Sekere ure per dag.
 - (c) Enige tyd.
5. Dui asseblief aan of studente ten volle op hoogte is van die spreekure hierbo genoem.
6. Verduidelik asseblief hoe u die klasbywoning van u studente kontroleer.
7. Spreek u asseblief uit oor die vereiste kleredrag vir mans- en damestudente.
8. Spreek u asseblief uit oor die mate van tug wat deur die universiteitsowerhede op dosente uitgeoefen word. Dui asseblief gemotiveerd aan in welke opsig die tug - volgens u oordeel - bevredigend is, te streng of nie streng genoeg is nie.
9. Indien daar volgens u oordeel leemtes t.o.v. tug van dosente bestaan, verstrek asseblief die leemtes asook wenke ter verbetering.

IV. Persoonlikheidshoedanighede van dosente.

Verstrek asseblief daardie persoonlikheidstrekke wat u reken 'n dosent moet hê (bv. welsprekendheid, kennis van die sielkunde van die student, akademiese kennis, status as navorsers, stiptheid, netheid, eerlikheid, godsdienstigheid, pligsgetrouheid, ordelikheid, humorsin, leierskap, objektiwiteit, vriendelikheid, organisasietalent, hoflikheid, strengheid, offervaardigheid, aangename voorkoms, spitsvondigheid, vlugheid van denke, lojaliteit, vermoë om met ander saam te werk, onderwerping aan gesag, doseertegniek, tegniek om praktika te lei ens.)

V. Posisie van die dosent in die maatskaplike, kerklike, professionele en politieke lewe.

1. Voltooi asseblief TABEL XV t.o.v. deelname in aktiwiteite binne u vakgebied(e).
2. Voltooi asseblief TABEL XVI t.o.v. deelname aan aktiwiteite buite u vakgebied(e).
3. Voltooi asseblief TABEL XVII t.o.v. deelname aan kerksake.
4. Voltooi asseblief TABEL XVIII t.o.v. deelname aan politiek.
5. Spreek u asseblief uit oor die rol wat 'n dosent in die volgende behoort te speel :
 - (a) Maatskaplike lewe.
 - (b) Kerklike lewe.
 - (c) Professionele lewe.
 - (d) Politieke lewe.
 - (e) Ekonomiese lewe.
 - (f) Sport.
6. Voldoen die dosente in u departement aan die eise hierbo gestel t.o.v.
 - (a) Maatskaplike lewe?
 - (b) Kerklike lewe?
 - (c) Professionele lewe?
 - (d) Politieke lewe?
 - (e) Ekonomiese lewe?
 - (f) Sport?
7. Spreek u asseblief uit oor die kwessie van lidmaatskapsgelede van akademiese/professionele verenigings asook i.v.m. die koste van bywoning daarvan.
8. Indien u van oordeel is dat deelname aan die lewe buite die universiteit probleme skep, dui asseblief die probleme aan en gee moontlike oplossings aan die hand.

VI. Diensvoorwaardes.

(Gegewens i.v.m. studente- en doseerladinge is reeds vroeër verstrek).

1. Spreek u asseblief uit i.v.m. die bestaande regulasies t.o.v. verlof en gee, waar nodig, wenke ter verbetering aan die hand :
 - (a) Studie.
 - (b) Siekte.
 - (c) Geleentheids.
 - (d) Vakansie (lang).
2. Spreek u asseblief uit oor die huidige salarisskale en gee, waar nodig, wenke ter verbetering aan die hand.
3. Spreek u asseblief uit oor die bykomstige laste wat dekane moet dra en verstrek asseblief wenke ter vergoeding en/of verligting.
4. Spreek u asseblief uit oor roetine administratiewe werk wat dosente verrig en verstrek asseblief wenke ter verbetering - indien nodig.
5. Spreek u asseblief uit oor studie deur dosente en gee wenke waar nodig.
6. Dui asseblief aan hoeveel dosente in u departement as voorgdosente optree, spreek u asseblief uit oor die stelsel van voorgdosente en verstrek die nodige wenke.
7. Spreek u asseblief uit oor die wenslikheid al dan nie van differensiasie tussen doserende en navorsingsdosente en maak voorstelle in dié verband.

8. Spreek u asseblief uit oor die huidige grensvoordele, bv. bydraes van die Raad tot mediese fondse, pensioen ens. en verstrek aanbevelings, waar nodig.
9. Vermeld enige aspekte in die diensvoorwaardes wat aandag verg ten einde die gehalte van die werk te verhoog en n nog gelukkiger dosentekorps te verseker.
10. Dui asseblief aan of u bevredigend op hoogte gehou word van reëlings vir die volgende :
 - (a) universiteitsfunksies,
 - (b) besluite van Raad en Senaat,
 - (c) studente-aktiwiteite.
11. Indien daar volgens u oordeel leemtes t.o.v. 10 hierbo bestaan, wat kan u aan die hand gee om kommunikasie binne die universiteit te verbeter.
12. Spreek u asseblief uit oor die groepeer van die dosente en indien u leemtes ondervind, dui asseblief aan hoe dit verder versterk kan word.
13. Indien u reken dat die personeelklub nie na wense funksioneer nie, maak asseblief voorstelle in die verband.
14. Spreek u asseblief uit oor die wenslikheid van n vereniging vir junior personeellede (nie-senaatslede). Dui o.a. aan of sodanige vereniging in die Fakulteitsrade en/of Senaat verteenwoordig moet wees.
15. Wat is u mening aangaande lidmaatskap van die Fakulteitsraad? Moet dit beperk word tot die twee per Departement soos tans die geval is? Motiveer.

VII, Slot.

Dui asseblief aan hoe u die P.U. vir C.H.O. graag oor 10 jaar wil sien. Noem alle uitbreidings, fakulteite, studierigtings, terreine, geboue, verbeterde omstandighede wat u visualiseer. Plaas asseblief die ver-nuwings in volgorde van prioriteit.

Bylae - Tablle 1 - XVIII aangeheg.

P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM.

SJP/FD
17.8.1965.

TABEL III

Onvoltooide navorsing waarmee dosente self tans besig is.

Dosent	Vak	Projek (Navorsing)	Gemiddelde ure per week aan die navorsing bestee	Duur van die navorsing

TABEL IV

Geld spesifiek vir navorsing van die universiteit verkry oor die jare 1960-65

<u>Jaar</u>	<u>Bedrag</u>
1960	
1961	
1962	
1963	
1964	
1965	

TABEL V

Departementele toelae en gedeelte daarvan aan navorsing bestee oor die jare 1960-1965

<u>Jaar</u>	<u>Departementele toelae</u>	<u>Bedrag bestee aan navorsing</u>
1960		
1961		
1962		
1963		
1964		
1965		

TABEL IX

Personeel, akademiese verantwoordelikhede, studente- en periodelaste soos op 30 Junie 1965.

Naam van dosent	Rang	Totale aantal voor- graadse-, Honn.- en Diplomastudente waarvoor hy/sy verantwoordelik is.	Vakke en Kursusse waarvoor hy/sy ver- antwoordelik is.	Totale aantal M.- en D.- studente onder sy sorg.	Totale aantal periodes van 45 min. elk per week (L.W. 2 per. prakties = 1 per. teorie)	Uur per week bestee aan M.- en D.- studente
Bv. 1. J. de Groot	Senior lektor	210	Duits I, II, III, Honn., U.G.D.	3	12	2½

TABEL X

Voorgestelde aantal periodes per week en aantal gevorderde studente per personeellid.

	Aantal lesingperiodes van 45 min. per week	Aantal periodes prakties van 45 min. elk p.w.	Aantal M.- studente	Aantal D.- studente
Professore				
Senior lektore				
Lektore				
Assisterte				

TABEL XI

Beskikbare lesingkamers en -sale en hul gebruik

	1e jrs.	2e en 3e jrs.	Honns.	Mag.	Doktors- grade	Dosente
(a) Aantal lesingsale vir						
(b) Totale aantal sitplekke						
(c) Aantal periodes per week in gebruik deur u departement.						
(d) Aantal periodes per week in gebruik deur ander departemente.						
(e) Totale aantal periodes per week in gebruik						

TABEL XII

Beskikbare laboratoria en hul gebruik

	1e jrs	2e en 3e jrs.	Honns.	M.- studente	D.- studente	Dosente
(a) Aantal laboratoria vir						
(b) Totale aantal werkplekke						
(c) Aantal periodes per week in gebruik deur u departement						
(d) Aantal periodes per week in gebruik deur ander departemente.						
(e) Totale aantal periodes per week in gebruik						

TABEL XIII
Beskikbare kantore

	<u>Aantal in dept.</u>	<u>Aantal kantore beskikbaar</u>	<u>Telefoon geïnstalleer Ja of Nee</u>
<i>Professore</i>			
<i>Senior lektore</i>			
<i>Lektore</i>			
<i>Assistente</i>			
<i>Tiksters</i>			
<i>Ander (spesifiseer)</i>			
<i>(a)</i>			
<i>(b)</i>			
<i>(c)</i>			

TABEL XIV
Kwalifikasies en ervaring van dosente

<i>Dosent</i>	<i>Akademiese kwalifi- kasies</i>	<i>Univ. waar behaal</i>	<i>Professionele kwalifikasies (Onderw. e.a. professionele sertifikate)</i>	<i>Jare erva- ring as universi- teits- dosent.</i>	<i>Jare ander onderwys en/of pro- fessionele ervaring (bv. handel of regte)</i>
<i>Bv. J.A. Beukman</i>	<i>D.Sc.</i>	<i>Columbia</i>	<i>U.O.D.</i>	<i>7</i>	<i>22 (Nywerh.) 3 (Onderw.)</i>

TABEL XV

Deelname van dosente in aktiwiteite binne hul vakgebiede

Dosent	Name van verenigings, institute, rade, trusts, komitees, klubs, organisasies, redaksies, ens. <u>binne</u> die vakgebied, waarvan hy/sy lid is.	Getal toesprake gedurende die afgelope 12 maande gehou oor onderwerpe uit die vakgebied.
<i>Bv.</i>	S.A. Kankerinstituut, S.A. Dierkundige vereniging, Tulse. Adviesraad vir Natuurbewaring.	5

TABEL XVI

Deelname van dosente in aktiwiteite buite hul vakgebiede

Dosent	Name van klubs, organisasies, verenigings, institute, direksies, trusts, rade, komitees, redaksies ens. <u>buite</u> vakgebied waarvan hy/sy lid is (hier val o.a. kulturele, sport, sosiale, ekonomiese, landboukundige e.a. organisasies.)	Getal toesprake gedurende die afgelope 12 maande oor onderwerpe buite u vakgebied gehou (Hier val o.a. optrede tydens Helde- of Gelof-tedag, voor Rapport-ryers ens.
<i>Bv.</i>	Potch. tennisklub, Potch.hengelklub, Rapportryers, Mooirivier skoolkomitee, Ver. vir Geestesgesondheid, Potch. Musiekver.	3

TABEL XVII

Deelname van dosente aan kerksake


Dosent	Kerklike amp beklee gedu- rende afge- lope 3 jr.	Was u ge- durende die afgelope 3 jaar met katkisasie behulpsaam	Deputaat- skappe waarop u in die af- gelope 3jr. gedien het	Meerdere vergader- ings die afgelope 3jr. byge- woon.	Aantal toespra- ke die afgelope 3 jr. voor kerk- like gehore ge- hou (J.V., Sus- ters, Teol. studente ens.)
<i>Bv.</i> P.S.Swanepoel	Diaken	Ja	C.N.O.	Klassis, Sinode	4

TABEL XVIII

Deelname van dosente aan politiek

Aantal voltydse dosente in Dept.	Aantal wat lid is van n politieke party	Aantal wat lid is van n ver- eniging i.v.m. plaaslike (stads- raads)politiek	Aantal wat aktief aan party- of plaaslike politiek deelneem(d.w.s. op stadsraad dien; op n bestuur dien; wat met organisasie help)
-------------------------------------	---	--	---

BYLAE III.
VOORGESTELDE UITBREIDING
VAN BIBLIOTEEKGEBOU:
GRONDVLOER



BIBLIOGRAFIE

1. AUSTRALIAN Universities Commission : Tertiary education. Report of the committee on the future of tertiary education in Australia. Vol. I en II, 1964.
2. BURO vir Statistiek : Statistiese Jaarboek, Staatsdrukker, Pretoria, 1964.
3. COETZEE, J.Chr. : Die Christelike Universiteit. Intree-rede as Rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, in Koers, April 1954.
4. COETZEE, J.Chr. en Van Rooy, D.J. (redakteurs) : Beginsels en metodes van die hoër onderwys, J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1949.
5. DEPARTEMENT van Onderwys, Kuns en Wetenskap : Jaarverslag (1951-1964), Staatsdrukker, Pretoria.
6. METCALF, K.D. : Planning academic and research library buildings, McGraw-Hill, New York, 1965.
7. NASIONALE Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing : 'n Opname van die opleiding van en werkgeleenthede vir natuurwetenskaplikes en tegnisi in S.A.
8. P.U. vir C.H.O. : Jaarboek (1951 - 1965).
9. P.U. vir C.H.O. : Rapport aan die Raad van die P.U. vir C.H.O. oor universiteitsontwikkeling, Potchefstroom, 1965.
10. SCHICK, Frank L. en Kurth, William H. : The cost of library materials : Price trends of publications, Library Services Branch, U.S. Office of Education, Washington, 1961.
11. STOKER, H.G. : Beginsels en metodes in die wetenskap, Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom, 1961.
12. UNESCO : World Survey of Education, Unesco, Parys, 1963.
13. UNIE van Suid-Afrika : Offisiële Jaarboek (1947 - 1964), Staatsdrukker, Pretoria.
14. U.S. Department of Education, Health and Welfare : Library statistics of colleges and universities, 1962 - 1963 : Institutional data. U.S. Government Printing Office, Washington, 1964 .
15. VANDERBILT Planning Study : Report prepared by the Department of Sociology and Anthropology, Universitas Vanderbiltia, Nashville, 1964.

16. WHEELER, J.L. en Githens, A.M. : The American public library building, A.L.A., Chicago, 1941.
17. WILSON, L.R. and Tauber, M.F. : The university library, Columbia University Press, New York, 1956.
18. - : A.L.A. Classification and pay plans for libraries in institutions of higher education, 2nd. ed., Vol. 3, Universities, A.L.A., Chicago, 1947.